# Avontuur na die Kruger Nasionale Park

DAG 1: Ons vra asseblief dat almal reeds vanaf 04:30 gereed sal wees sodat ons teen 05:00 reeds in die pad kan val vanaf Town Lodge - Menlo Park. Ons ry noordwaarts na Mapungubwe en die middag besoek aflê in Mapungubwe Nasionale Park om te sien waar die 3 lande by mekaar kom. Ons oornag in by Mopane Bush Lodge.
*Ingesluit: Aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Parkfooie*



***Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.***

DAG 2: Na ‘n heerlike ontbyt vertrek ons na een van Afrika se bakandste wildbestemmings – die Krugerwildtuin. Ons sal verskillende stoppe maak om die wonderlike natuurlewe in te neem. Ons oornag by Punda Maria Rest Camp.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

DAG 3: Na ontbyt, spring ons in die bus en verken die noordelike deel van die park. Teen laatmiddag bereik ons Shingwedzi Rest Camp waar ons oornag.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Parkfooie*

DAG 4: Vandag reis ons suidwaarts en geniet elke geleentheid om wild raak te sien. Ons betemming vir die aand is die pragtige geleë Olifants Rest Camp, bekend vir sy asemrowende uitsigte oor die Olifantsrivier.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Parkfooie*


DAG 5: Ons avontuur gaan voort terwyl ons reis na Satara Rest Camp.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Parkfooie*



DAG 9: Ons vertrek na ontbyt deur die park na Malelane waar ons oornag teen die Krokodilrivier by Rio Vista Lodge.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Parkfooie*

DAG 10: Na 'n lieflike ontbyt keer ons terug na Pretoria. Afhangende van die verkeer hoop ons om net na die middag terug te wees by Town Lodge.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

DAG 6, 7 & 8: Na ontbyt vertrek ons na Skukuza Rest Camp, waar ons drie nagte sal oorbly. Gedurende ons verblyf verken ons verskillende dele van die suidelike Kruger.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Parkfooie*



GOING ON AN ADVENTURE

Namakwa toere

